Geregistreer aan die Hoofposkantoor as 'n Nuusblad.

DIE O.B.

Jrg. 6. Kaapstad, Woensdag, 6 Augustus 1947. Nr. 36.

# ,,Russiese Verteenwoordigers Is Almal spioene' Sê Rus

Geen Russiese ekonomiese afgevaardigde vertrek na Amerika sonder dat hy opdrag gekry het omtrent die insameling van geheime dokumente nie, en elke Russiese verteenwoordiger in die buiteland is 'n politieke spioen, het 'n voormalige amptenaar van die Kommuniste, Krawtsjenko, in sy getuienis voor die Amerikaanse Huis van Verteenwoordigers gesê toe hy ondervra is oor die spioenasiebedrywighede van die Russe.

Hierdie Rus sal waarskynlik voortaan gedurig moet vlug om die wraak van die Kremlin te ontvlug.

## Oorlog Beëindig

Die vyandelikhede in Java is Maandag beëindig op versoek van die Veiligheidsraad, na SAPA-Reuter berig.

## Sewentien Lede In Konsulaat

Volgens 'n antwoord van die Minister van Handel in die parlement bestaan die Russiese konsulaat in die Unie uit 'n lywige personeel van sewentien lede, terwyl die Unie vir die eerste ses maande van 1946 maar vir die onbeduidende bedrag van £8 na Rusland uitgevoer en vir £8,000 ingevoer het.

# PARTYPOLITIEKE SOSIALISME HET GEFAAL IN BRITTANJE

**In sy verarmingsnood staan Brittanje in die volgende weke van krisis op die kruispad. Hy moet besluit om drastiese maatreëls te tref vir groter produksie aan die een kant en groter besuiniging aan die ander kant. Hy sal die hooggeroemde persoonlike vryheid moet inkort in belang van die groter geheel, maar hy sal dit moet doen sonder die krag van 'n besielende ideaal.**

***Daar word dan ook tans berig dat die Britte se groot moeilikheid vandag is dat hulle nie iets het om aan te glo nie, en daarom is daar ook geen arbeidsywer te bespeur nie, en verlaat steenkoolgrawers hul werk om na 'n krieketwedstryd te gaan kyk onderwyl die grootste krisis van sy geskiedenis hul land voor die deur staan.***

Onder hierdie drastiese maatreëls sal die Brit sy dagtaak as 'n koue plig wat van buite deur die ysterhand van die staat opgelê word, moet beskou.

(Vervolg op bladsy 8)

'n Jaar gelede het die Britse regering 'n lening van byna £1,000,000,000 met Amerika gesluit. Die bedoeling was dat dit Brittanje vir drie tot vier jaar van die nodige krediet moes voorsien om hom in staat te stel om sy nywerhede weer op so 'n peil te kry dat hy sy lewe kan verdien. In plaas van masjinerie het hierdie lening teen 'n onvoorsiene tempo verdwyn vir die aankoop van voedsel en tabak. **Voor die einde van Oktober sal daar niks meer van die lening oor wees wat tot 1950 moet gehou het nie.**

LUI

Intussen word gehoop op 'n nuwe lening of die Marshallplan vir Europese heropbou. **Maar die Amerikaanse wetgewers sal moeilik te vinde wees om verder te betaal vir Britse gemak, veral daar dit tans blyk dat die Britse werkers op skandalige wyse lyfwegsteek. Hulle is nie gewillig om meer as veertig uur per week te werk nie, en onlangs het die minister van brandstof met syfers aangetoon dat in plaas van groter inspanning daar 'n groter afwesigheid van die myne is sedert die toegewings. En toe daar verlede week 'n krieket-toetswedstryd in Leeds plaasgevind het, het meer as die helfte van die werkers in sommige steenkoolmyne hul werk verlaat en na die wedstryd gaan sit en kyk.**

WANHOOP

Uit eie krag skyn dit vir Brittanje haas onmoontlik te wees om die nadelige gaping van meer as £600,000,000 per jaar tussen sy in- en uitvoer uit te wis. Allerlei wanhoopsmaatreëltjies wat hier 'n miljoen en daar 'n paar miljoen pond moet bespaar, word wel deur die regering aangepak. Die jongste poging skyn te wees die inkorting van die leër, waardeur Brittanje sy plek as grootmoondheid sal verloor omdat hy geen krag meer agter sy diplomasie sal hê nie. Vir hierdie doel is maarskalk Montgomery, hoof van die generale staf, verlede week uit Indië teruggeroep waar hy besig was om te toer.

DWANG

Origens word oorweeg om mense van een werkkring na 'n ander te verplaas, waar hulle meer nodig is. **Aangesien die steenkoolmyne op die oomblik die middelpunt van die krisis is, sal dit beteken dat Britte in een of ander vrye beroep wat as minder belangrik beskou word, deur die staat gedwing kan word om in die steenkoolmyne te gaan werk—'n maatreël wat sy gelyke net in Rusland het.**



**Britse steenkoolwerkers by 'n myn. Hulle weier om meer as vyf dae per week te werk onderwyl hul land in die grootste krisis van sy geskiedenis verkeer weens gebrek aan steenkool.**

## BOUWERKERS STAAK

Alle boubedrywighede het Maandag in Johannesburg en Pretoria tot stilstand gekom toe die bouwerkers tot staking oorgegaan het in hul eis om hoër lone, berig SAPA. Na verklaar word is 87% van die vakmanne hierin betrokke.

## Het Baie Tyd

# ,GEE ONS SPELE' SÊ BRITTE VOOR NADERENDE ONHEIL

**Die Britse eerste minister sal vandag 'n verklaring in die Laerhuis doen oor die planne wat sy regering voor oë het vir die redding van Brittanje uit sy ,,krisis-uur" wat na verwag word teen Oktober sal aanbreek. Gedurende Julie is naamlik £175 miljoen van die Amerikaanse lening getrek, sodat die lening teen September gedaan sal wees.**

Na berig word sal hy onder meer aankondig dat die Britse leër tot meer as die helfte verminder, en alle voedsel-invoer behalwe die allernoodsaaklikste lewensmiddele gestaak sal word. Daar is selfs sprake dat Brittanje nou op sy goudreserwe sal begin teer, iets wat hom vir 'n paar maande aan die gang sal hou.

**Inmiddels weier die Engelse werkers nog steeds om harder te werk. Attlee het verlede week nog teenoor die steenkool werkers moes onderneem dat hulle nie gedwing sal word om meer as vyf dae in die week te werk nie, hoewel hy 'n beroep op hulle gedoen het om 'n halfuur per dag langer te werk.**

Die gees van onverskilligheid by die Britte blyk duidelik uit die volgende berig in 'n Engelse koerant:

**,,Die Britse volk stroom in ongekende getalle na die sportvelde...... Die £16,000 wat deur 86,000 mense betaal is om die vierde toetswedstryd te sien, oortref die hekgeld van £14,189 wat in 1938 tydens die Australiese besoek ingesamel is......**

**,,Twee uur na die wedstryd het 'n jong dame 'n koerant opgebel om te verneem of sy haar sitplek vir die volgende toetswedstryd in Leeds, dit wil sê teen die Australiese span volgende jaar, nou al kan bespreek!"**

# Pretoria Gaan Debat Hou Oor Arbeidsprobleem

**Ons stryd teen die kommunisme duur onverpoosd voort. Dis veral die werkers wat blootgestel word aan die misleiding van Moskou se propagandiste, en die tragiek van die hele saak is dat talle Afrikanerwerkers vir hierdie vreemde ideologie optree.**

**Die Ossewabrandwag van Pretoria onder leiding van genl. G. H. Beetge het nou begin om op 'n positiewe wyse Moskou teen te werk.**

Elke tweede Woensdagaand van elke maand word daar voor ligtingslesings oor arbeidsaangeleenthede gehou. Om die aande meer aangenaam te maak, word so nou en dan 'n debat oor een of ander Arbeidsprobleem gehou.

Die volgende debat word op 13 Augustus e.k. gehou in die Velrasaal, Bureaulaan, Pretoria, om 7.30 nm. Die besprekings sal gaan oor: ,,Is die Naturelle-Nywerheidsversoeningswet tot voordeel van alle werkers (wit of swart)".

Komdt. Botha sal sê dit is wel in belang van alle werkers, terwyl komdt. De Klerk hom sal opponeer. Albei sprekers dra goeie kennis van arbeidstoestande, en die besprekings behoort van hoogstaande aard te wees.

Van alle O.B.-werkers word verwag om hierdie debat by te woon, en alle belangstellendes is hartlik welkom. — (Korr.).

## Britse Wolfabriek Na Unie

**'n Volledige Bradfordse wolfabriek is verlede week in Brittanje verkoop vir oprigting in Suid-Afrika. Hy word hierdie week afgebreek vir verskeping na die Unie. Meer as 200 mense werk in die fabriek, en sommige van die sleutelmanne sal saam na die Unie gebring word.**

# DIE FRIESE

## 'n Verhaal Uit Die Stryd Van die Ondergrond

Deur S. J. de Jongh

HOOFSTUK III

„Sien jy, ou Piet het hom met die groente-en-water en water-en-groente-diëet naderhand begin verveel en toe begin die ou gisteroggend so 'n bietjie verkenningswerk doen; dit terwyl ons kêrels wat skoon gewetens het, rustig in die skadu lê en slaap.

„So omstreeks elf-uur gisteroggend kruip die ou snaar met 'n stralende gesig terug en vertel ons...stil man, Piet, ek is aan die woord...nou ja, hy vertel ons dat ons vanaand die water-draery maar kan laat staan. ,Melk' Jaap, die heerlikste vars melk vanaand. So veel as wat jy wil of kan drink. En daarna kan jy die gellingblik tot oorlopenstoe vol maak en ook hierdie menigte hier kom spysig, sê Piet....en hy kyk die menigte van Wildeboere vaderlik aan — al vier van ons.

„,Melk?' vra Jaap hom verbaas. ,Melk?' Het jy sonsteek gekry, ou maat ... of is jy besimpeld?' wou Jaap weet.

„Maar Piet," vervolg die verteller, „het hom nie van Jaap se hondse gedagtes oor sy intelligensiekwota vanstryk laat bring nie. Kyk, het hy vir Jaap beduie, terwyl die luilekkerseksie hier hul kosbare lewens lê en verslaap het, het hy wat Piet is 'n bietjie rondgekyk en die landskap gade geslaan.

„Vier Frieskoeie — ek skat hulle elkeen op minstens drievier gellings — die loop geen agthonderd tree van ons af nie; net hier regs om die punt van die rand. Melk! Praat van melk! Man, daar is net een ding wat my hinder en dit is hoe om die melk te vervoer.

„Hierdie ou gellingblikkie waaroor Jaap nou die aand so 'n bohaai gemaak het...... ag wat, die koeie sal gekrenk voel as ons met so 'n vingerhoedjie by hulle opdaag."

So, ongeveer, het Piet sy maters beduie oor die land Kanaän wat daar net regs om die rand lê, geen agthonderd tree van hul skuilplek nie. Weliswaar sou hulle maar hul verlange moet laat woeker tot dit donker word, want oor die oop vlakte kon hulle nie bedags stap nie.

Maar vanaand, kêrels, vanaand!

En met hierdie rooskleurige skildering van Piet het daar in die ander manne se gemoedere ook 'n nuwe vreugde geroer ... 'n nuwe vreugde benewens die leedvermaak oor die verbydolende politieke speurders wat die spoor byster geraak het. Die aand kon hulle amper nie afwag nie...... so het die verlokking van die komende verandering van spys hul verbeelding geprikkel.

„Dit was nog nie eens goed donker nie," vertel Koos van hul redder, „toe drafstap ons om die rand se punt op pad na die kampie waar Piet die koeie gesien het, daardie viergelling-kreature waarvan hy ons die heeldag vertel het.

„Vyf dorstige en honger mans, een gellingblik en...... ander kant die rand...... vier Frieskoeie!

„Ek wil eerlik beken dat ons elkeen gevoel het dat ons diep in Piet se skuld staan en dat die ou met sy verkenningswerk sommer die hele situasie gered het," het Koos ruiterlik in sy vertelling ingevleg. Maar om een of ander rede het hierdie erkenning by Piet geen weerklank gevind nie; in sy hoekie het hy net iets gebrom oor ,lawwe praatjies' en maar weer 'n sigaret opgesteek, want een van die dinge wat die redder saamgebring het en wat in die ses dae nie op die berg te kry was nie, was rookgoed.

Wel, beweer Koos, dit het nie so maklik gegaan om die koeie in die donkerte te kry nie. Hulle het taamlik rondgeval en eenmaal het Coert so 'n duur woord uitgeroep toe hy oor 'n ankerpaal gestruikel het. Maar uiteindelik is die deug beloon en het Karel byna bo op 'n Fries geval wat ewe gemoedelik in die duisternis lê en herkou. Die ander drie was nie ver nie.

„Deps — hier's sy!" het Karel geroep ... maar watwou! Piet het ontdekkingsregte geëis en gesê dat niemand anders as hy op die inwyding geregtig is nie.

„Staan tru, kêrels, staan tru, en laat Pa aan die werk kom. Nou sal hy julle leer melk," sê Piet en hy beveel een maat om die koei aan die horings vas te vat terwyl hy haar in die donker met sy lyfband span.

„Tenspyte van die swart nag het ek my verbeel dat ek die ou sondaar se gesig kon sien straal van die ene blyde verwagting wat sy hele siel vervul het. Die ses dae se bergbewonerskap en groente en water het die ou al mismoedig laat voel, maar nou! Nou was die Kaap weer Hollands en die ou het sy lippe so hard gelek in die donker dat ek eers gedink het dat die ou sommer sondermeer direk aan die koei begin suip het!" verseker Koos.

Piet het gevoel dat danig wel danig was, maar hierdie laster was darem te danig; en Piet het luidkeels geprotesteer. „Nee wragtie," het hy gekla, „hierdie soort wanvoorstellings...... en dit nogal vansyde kwansuise kamerade...... nee, magtie, dit gaan darem alle perke te bowe!"

Goed, was die algemene gevoel, dan kon hy self die suipingsinsinuasie weerlê. Maar as hy weier om die saak op te klaar dan kan hy nie sekere vermoedens kwalik neem nie.

„Sekere heeltemal billike vermoedens," emendeer Koos in die donker.

„Heeltemal billike bog," bars Piet uit. „Sien die hele affêre was dat ek gevoel het dat ek die eerste melker moet wees omdat ek die koeie die eerste gesien het. Selfs met diamante het die ontdekker onbetwisbare regte... waarom nie met Frieskoeie nie?"

Niemand kon die billikheid van hierdie stelling betwis nie en Piet het aangeneem om die redder die ware toedrag van sake in hierdie melkery-storie te verduidelik.

„Ek het dus vir die ander gesê om tru te staan en my die kans te gee — en ek dam die eerste melkkoei by. Ook het ek hulle gemaan om met die blik byderhand te wees — want hoe kan ek die waardevolle melk nou op dorre aarde laat mors? En in die donkerte het hulle my die gellingblik aangegee.

„Ek het so op my hurke gaan sit en die blik styf tussen my knieë vasgedruk en toe begin melk. Veel is daar nie verder te vertel nie."

„Hoor nou; ,Veel is daar nie verder te vertel nie', sê die ou snaar!" roep Koos verontwaardig uit. „So! Laat my dan maar die storie regmaak.

„Die blik, jong, gee die blik', het die ou geëis en toe gaan sit hy en — na hy die spene so 'n keer getrek het — profeteer hy vir ons dat ons nou fyn moet luister. Sommer baie fyn! Want, het hy voorspel, nou sal ons die ene straal heerlike Friesmelk na die ander die blik hoor inskiet.

„En ou Piet trek so 'n paar keer en begin melk."

„Hoopvol en gespanne staan elkeen van ons in die donkerte langs hom om die melk die blik in te hoor ruis en die ou het wel besef dat hy die middelpunt van alle oë was — of ten minste, van alle ore, want vir oë was daar in daardie maanlose nag nie veel om waar te neem nie. Ewewel, hy en daardie strale melk wat die dorstiges gaan lawe was middelpunt van ons verlange.

„,Toe Piet, wat sukkel jy? Melk, man, melk,' het Coert hom aangewakker.

„In die donker het ons Piet hoor brom en hy melk vir al wat hy werd is......en dit was toe wat die nare suspisie my in die donker begin oorval. So 'n dowwe voorgevoel van naderende onheil. Hier is Piet, die brandpunt van alle belangstelling, die man wat die menigte moet spysig en wat die Frieselafenis aan ons almal moet verstrek...... en hy wat Piet is sit en melk aan 'n droë koei!

„Dit was so; vir twyfel was daar geen plek meer nie. Net so min as vir hoop. Ou Piet het dit trouens self erken. Geen straalgeluid, geen vogtigheid nie. Die gellingblik sonder 'n druppel.

„Onteenseglik en proefondervindelik was die koei opgedroog!

„En daar sit ons gevalle grootheid en melk en melk aan 'n koei wat nie die minste voornemens het om melk te gee nie!

„,Nou verdomp!' het ou Piet gesê en met 'n sware sug staan hy op en gee die blik vir iemand anders.

„Ons het besluit dat hy sy ontdekkersregte nou maar verbeur het; die volgende koeie sou ons maar oorneem. Na 'n bietjie bontstanery het ons 'n ander koei aan die horings en Jaap span haar en dam haar by met die gellingblik.

„Ook sy was droog, net so droog as die eerste een."

„Met die derde en vierde was dit nie anders nie."

„Ja-nee, dit was vyf diepteleurgestelde Boere wat met die leë gellingblik teruggestap het... windpomp toe!"

Wel, lag die redder aan die stuurwiel, nou kan hy elkgeval aanvoel waarom Piet nie die geskikste een sou wees om by die melkboer te gaan aflaai nie. Deur hierdie soort van verydeling van mens se diepste verlangens kry jy maklik 'n knak wat jare lank in jou siel sal smeul. Dus sou hy liewers Piet maar in een van die ander skemas inpas — òf in die hut in die bosse by Maselspoort, òf by die ander boer 'n honderdmyl verder.

Op hierdie punt was ook Piet onverbiddelik.

Die hut in die bosse? Seker; met plesier en sonder die minste bedenkings.

Maar op een voorwaarde — anders staak hy die stryd sommer nou en hierso. Dan meld hy hom liewer weer maar by die poort van die gevangenis en bieg soos 'n verlore soon wat na sy sel teruggekeer het. Nee, een definitiewe en ondubbelsinnige vereiste stel hy, anders......!

„En dit is......?"

Dit was dat daar vooraf gereël sou word vir 'n voldoende voorraad blikkiesmelk in daardie hut by die bosse te Maselspoort.

„En sê vir my, Coert" wou hy

(Vervolg van vorige kolom)

vir oulaas weet, „kan mens by die aankoop van blikkiesmelk daarop aandring dat dit Jerseymelk of soiets moet wees? Selfs bokmelk, wat my betref. Maak nie saak nie.

„Daar is net een soort koei wat ek nou nie meer in die oë kan kyk nie. Friese! Veral viergelling-Friese!

„Ek is altyd bang die goed draai om en lag my uit!"

# Prestasie Van 'n Klein Kommando

**'n Tipiese voorbeeld van hoe klein afdelings van die Ossewabrandwag deur selflose diens tot haas ongeëwenaarde resultate in staat is, blyk uit die prestasie van die Papendorp-kommando onder bevel van mev. A. M. Jeppe wat daarop aanspraak maak dat haar klein afdeling by die aanstaande 8 Augustus-storting bo-aan die lys in die Kaapse Skiereiland gaan staan.**



**Mev. A. M. Jeppe**

In vergelyking met ander kommando's is die afdeling an Papendorp maar baie klein en moet die Brandwagte van hierdie afdeling onder besonder moeilike omstandighede werk. Hulle het nie 'n saal waar hulle 'n funksie kan hou nie. **Nieteenstaande hierdie struikelblokke gaan hierdie kommando sy £112 van verlede jaar ver oortref.** Die ronde bedrag bly nog geheim. By hierdie skatting is die bydraes wat belowe is, maar nog nie ingevorder is nie, buite rekening gelaat.

**„Ons het sedert verlede O.B.-dag elke Woensdag gebak in die Vriendskapsentrum bedien. Ons het met ons hande gewoeker en die naaldwerk en gebreide artikels goed van die hand gesit," het komdte. Jeppe aan ons verteenwoordiger verklaar. Die geheim van haar sukses skryf sy toe aan die feit dat hulle dadelik verlede jaar na 8 Augustus aan die werk gespring het en gereeld gewerk het.**

Komdte. Jeppe gaan ook persoonlik rond met haar kollektelys en ondervind groot welwillendheid. Nie alleen gee Engelssprekendes ruimskoots nie, maar ook diegene wat deur die regering verbied is om iets met die O.B. te doen te hê. Op haar lys van vanjaar kom o.a. bedrae van £3 en selfs £5 voor wat andersdenkendes gegee het.

Die ywer en voorbeeld van hierdie ywerige kommandante saam met haar offisiere en Brandwagte is 'n uitdaging aan baie groot kommando's wat deur komdte. Jeppe uitgestof is.

# K.G. oor Voorspraak Van Dr. Malan

**In verband met dr. Malan se verklaring oor die verwagte regeringsbom en sy verhouding tot die Ossewabrandwag en laasgenoemde se oorlogstryd is die K.G. se aandag gevestig op dié deel van dr. Malan se verklaring waarin hy onderneem om as pleitbesorger op te tree vir moontlike beskuldigdes.**

Dr. van Rensburg het geantwoord dat hy reeds sy seën gegee het aan dr. Malan se pogings om alle verantwoordelikheid vir O.B.-aksie of beweerde O.B.-aksie af te skud. „Wat reg is, is reg," het hy bygevoeg.

„Maar waar ek voel dat hy die spoor heeltemal verloor, is waar hy met die een asem alle moontlike ,skuldiges' repudieer by voorbaat, en met die ander asem bedui dat hy ná veroordeling vir die ,skuldiges' in die bresse sal tree om genade te vra.

„Ek kan natuurlik nie, ewe voorbarig, vir denkbeeldige ,skuldiges' praat nie, maar in so ver as O.B.'s beoog mag wees, wil ek met nadruk sê dat sulke ongevraagde beloftes net so onnodig is as die repudiasie.

„Ook met Visser en Van Blerk het so 'n petisie uitgegaan van die stelling: **,Dit is nie ons mense nie, maar.'**

„Die destydse O.B.-verklaring daarenteen het gesê: **,Hulle is ons broers, en.'** Dalk juis daarom is Hendrik van Blerk en Julian Visser vandag, meer as ooit tevore, ons broers.

**„Ongeag wat die ,bomme' van 'n handlanger-regering ook mag wees die Ossewabrandwag sal geen Afrikaner verloën wat in gevaarvolle tye in die bresse getree het vir die stryd van die Afrikaanse Republiek en wat dit later voor 'n Empire-regering moet verantwoord nie.**

„Daarom vind ek dit so moeilik om te besef dat mense die O.B. se benadering van sake met dié van die H.N.P. kan verwar."

**Twee-en-twintig vroue** het in die selle van die Franse tronk in Parys doodgebrand toe daar 'n brand uitgebreek het. Die lyke was almal verkool.

## Vingerafdrukke Vir Almal?

**Dit sal blykbaar in die toekoms vir die Australiërs moeilik gaan om die hand van die gereg te ontsnap. Die hoof van die speurdiens in Victoria het aanbeveel dat die vingerafdrukke van alle persone in Australië geneem moet word. Hy het gesê dat die opname reeds by geboorte moet begin en dat vingerafdrukke by alle handtekeninge op dokumente geplaas moet word. Dit sal baie moeilikheid voorkom.**


**'N BASAAR**
**ten behoewe van die S.A. Noodhulpliga**
word gehou in die
**Komiteekamer, Groote Kerkgebou, Parlementstr., Kaapstad,**
op
**Woensdagaand, 13 Aug.,**
vanaf 7 n.m.

● **Heerlike tuisgemaakte koek, brood en ander geregte sal te koop aangebied word — asook sop, pannekoek, koffie, ens.**

# „Peetouers" Vir Politieke Gevangenes

**Die oorplasing van politieke gevangenes na Baviaanspoort, het sekere voorregte vir hulle meegebring wat hulle in die Sentrale Gevangenis nooit gehad het nie. Onder andere kan hulle nou tennis en jukskei speel asook verskillende ander sportsoorte. Hulle het reeds elkeen 'n paar tennisskoene en 'n spaan ontvang, 'n paar stelle jukskeie, wat deur O.B.-kommandante in Pretoria geskenk is, en 'n groot voorraad grammofoonplate, sommige deur kaptein Henri Slechtkamp gestuur. Hierdie artikels kon vir hulle aangekoop word danksy die vriende wat spesiale bydraes hiervoor gegee het. Ons kamerade is baie in hulle skik en wil graag hulle dank aan al die goeie vriende wat bygedra het uitspreek.**

ROOKGOED

Hulle kan egter ook nou sulke weelde-artikels soos sigarette, vuurhoutjies, tabak en skeerseep, ens., ens. ontvang. Rookgoed is natuurlik 'n gereelde uitgawe en daar is gevoel dat daar persone moet wees wat gewillig sal wees om gereeld vir elkeen sigarette en tabak en ander benodighede te stuur. Hierdie persone sou dan elkeen 'n „peetkind" in Baviaanspoort aanneem en vir hom sorg. Elkeen van ons twaalf kamerade het dan ook nou sy „peetouers".

DANKIE

Ons kamerade wil dan ook langs hierdie weg baie dankie sê aan hulle „peetouers" vir die talle pakkies wat hulle reeds per pos ontvang het. Hulle sal graag self skryf, maar hulle is net drie briewe per maand toegelaat, en hulle moet nog aan familiebetrekkinge ook skryf. Peetouers moet dus nie ongeduldig word as die ontvangs van pakkies nie dadelik erken word nie. Sodra die kans hom voordoen, sal hulle sekerlik 'n briefie skryf.

Ons kamerade wil graag hulle dank betuig teenoor genl. Meyer van die Vrystaat, wat hoofsaaklik verantwoordelik is vir die benoeming van hulle „peetouers." — (Korr.)

# Baie Jode Kry Unie-Burgerskap

Onderwyl persone van Duitse afkoms in Suid-Afrika kennis gekry het dat stappe gedoen word om hulle te deporteer, het 'n groot aantal Duitse Jode Unie-burgerskap verwerf.

Die opgawe van die jongste naturalisasiesyfers toon dat sowat 500 persone van wie die meeste aangee dat hulle van Duitsland afkomstig is, Unieburgers geword het. Hul vanne toon dat hulle Jode is.

Benewens die Duitse Jode kom 'n groot deel van die persone uit Oos-Europa, hoofsaaklik van Pole, Litoue en die Balkanlande.

# Gevolge van Lawrence Se Swart Ommegang

**Die resultate van die regering se laakbare optrede by Bethal waar hy sinneloos jag begin maak het op beweerde gevalle van naturelle-mishandeling, bly nie uit nie. Soos die boere voorspel het, begin hul werkvolk opstandig raak en weier sonder enige grondige rede om te werk.**

Die tweede van die reeks verwagte voorvalle het verlede week in die Bethalse magistraatshof gedien toe 32 naturelle daaraan skuldig bevind is dat hulle geweier het om te gaan werk omdat dit volgens hulle te koud sou gewees het. Hulle is elk met twintig dae tronkstraf of £1 boete gevonnis.

By 'n vorige geleentheid het 50 naturelle op 'n soortgelyke aanklag in die hof verskyn.

**Twintig-duisend persone aan die Rand en in Pretoria, wag nog op huise. Meer as 8,000 het aansoek gedoen om privaathuise te bou.**

# £229,000 Aan Soldate Te Veel Betaal

**Volgens getuienis voor die gekose komitee oor staatsrekeninge is daar gedurende die oorlog 'n bedrag van £229,000 te veel betaal aan soldate en oudsoldate. Die Departement het, waar uitgevind is dat oorbetalings gedoen is, 'n brief aan die soldaat geskryf en hom gevra wat hy gaan doen. Enkeles het terugbetaal, maar diegene wat geweier het is nie verder aangespreek nie, is verklaar.**

# Gevangenes Roep Op Tot Die Daad

**Onderstaande oproep in verband met O.B.-daginsamelings is afkomstig van ons kamerade in Baviaanspoort:**

AAN ONS KAMERADE

Weer staan ons voor 'n nuwe jaar vir die O.B.; 'n nuwe skof op die pad die kranse uit, na die Hoogland van wat ons wil bereik.

Ons kyk vorentoe! Maar dit is ook goed vir ons om terug te kyk; want uit die verlede haal ons die duurbare materiaal om die toekoms mee te bou. Kyk ons terug, sien ons die verlede, en ook die verlede van die O.B., soos 'n see besaai met klippe, waartussen ons die boot van ons bestemming moes stuur.

En dan doen die vraag hom onmiddellik voor: Wat wag vir ons in die toekoms? Steiler kranse? Meer opofferings? Groter onbaatsugtigheid? Verwesenliking?

Indien wel, wag daar vir ons veral één ding — en dit is werk. Werk, werk en nogmaals werk, is die een faktor wat ons na oorwinning sal lei.

Daar's 'n Nasie te lei;<br>
Daar's 'n stryd te stry;<br>
Daar's werk!

Daar is nie tyd, nòg die noodsaaklikheid om te kyk wat ander doen nie. Die meeste mense wag op 'n wonderwerk, voorgegoël deur geslagte van party-politici, om hulle ideale te verwesenlik. **Die O.B. glo nie, en durf nie glo in die wonderwerk van die lamsak nie. Ons mag alleen glo aan een soort wonderwerk, nl. die wat deur eerlike, gesonde, pligsgetroue arbeid daargestel word.**

En dit is die plig en die voorreg van elke man en vrou en kind in die Beweging om te werk vir die O.B. soos hulle nog nooit vir hulle daaglikse brood gewerk het nie. Daarom is ons mos O.B.-lede!

Ons hoor so dikwels die woorde: Arbeid Adel. En arbeid is veredelend; veral as dit liefdesdiens is; veral as dit bydra om ons volk te red; veral as dit hierdie land kan beveilig vir ons kinders; veral as dit Blank Suid-Afrika kan bestendig.

KARAKTER

Niks anders as die innerlike krag van karakter in elke man en vrou van ons volk kan ons volk van uitwissing red nie. En daardie karakter leef alleen deur die daad wat 'n voorbeeld is. Dit is ons bewys dat ons nog in ons volk glo. Dat die Afrikaner nog 'n toekoms het. En omdat ons nog glo in sy toekoms, daarom werk ons.

Die O.B. het daardie geloof-in-'n-daad — daardie getuigskrif van liefde wat dien — van elke man en vrou in sy geledere nodig. Dit is die enigste bewys dat ons nog nie tot lamsakhuurlinge, tot dissipels van materiële behoeftes, tot willose slawe van vreemde vrybuiters, verval het nie.

Arbeid veredel. Arbeid alleen gaan ons volk red. Die Ossewabrandwag versinnebeeld arbeid. Dit is ons voorreg om die O.B. te dien!

**En laat dit ons besluit en ons eed wees dat ons die verjaardag van ons Beweging nie gaan vier nie, en die mense wat ons tot hierdie Volksbeweging geïnspireer het, nie gaan huldig nie; maar dat ons die O.B. wat ons liefhet, en die voorsate wat ons inspireer, waardig gaan lewe — met woord en daad, maar veral met 'n daad.**

'n Skotse filosoof het van die groot Cromwell gesê: „Huldig hom deur eerlik soos hy te wees." Kom ons sê: **„Dien die O.B. deur selfloos soos ons leier te wees".** Kom ons sê:

Die stryd wat ons vaders begin het,<br>
Sal woed tot ons sterf of gewin het.

En laat ons dit op 8 Augustus, met die nuwe verjaardag van ons O.B., ons eed maak. **Want die diens wat ons lewer in die O.B. is die enigste waarborg dat ons Suid-Afrika gaan behou vir 'n blanke nageslag.**


BASAAR BASAAR

OSSEWABRANDWAG

WELLINGTON

IN DIE STADSAAL,

SATERDAG, 9 AUGUSTUS 1947, om 5.30 n.m.

Boerwors en ander Lekkernye sal te koop aangebied word.

● Vriende en Belangstellendes Hartlik Welkom! ●

ELEKTRON Kontrakteurs

(Eienaar: L. J. du Plessis, Bestuurder: A. J. de Klerk)

— MEUBELS —

● *Spesiale Afslag op ons reeds Lae Pryse vir Kontant by Bestelling*

ELEKTRIESE GOEDERE (Alle 220-volt Lampe) EN HUISHOUDELIKE BENODIGDHEDE

Sien ons Weeklikse Geklassifiseerde Advertensie vir Prysopgawes.

KEEROMSTRAAT 18 (Foon 25060) KAAPSTAD

*PAS ONTVANG VAN OORSEE*

SWALLOW

REËN-, WARM- EN GABERDIEN-JASSE.

PRYSE BAIE BILLIK

*Plaas dadelik u Bestelling by*

Van Zyls DIE MANSWINKEL Foon 791 — Posbus 233

HOOFSTRAAT PAARL

EXCELSIOR WYNE, BRANDEWYNE EN LIKEURE

Die alombekende drankies. Die skoonste van kleur, die fynste van geur wat u ooit geproe het. Drankies wat nie alleen pryse wen op tentoonstellings nie; maar wat deur alle fynproewers aangeprys word.

| PRYSLYS | Per bottel in kassies van 12 bottels | Per gelling in 5 gelling-vaatjies |
|---|---|---|
| **WYNE:** | | |
| Ou Port | 2/9 | — |
| Inwalide Port | 3/3 | — |
| Spesiaal Soet | 2/9 | 12/6 |
| Wit en Rooi Jeripiko | 2/- | 10/- |
| Wit en Rooi Malmsey | 2/- | 10/- |
| Wit en Rooi Muskadel | 1/11 | 9/6 |
| Soet Port | 1/11 | 9/6 |
| Port, Pontak, Worcester Hock | 1/10 | 9/- |
| Spesiale Sjerrie (Soeterig) | 1/10 | 9/- |
| Goudkleurige Sjerrie | 1/9 | 8/6 |
| Ou Bruin Sjerrie | 2/6 | — |
| „Cocktail" | 4/3 | — |
| Vermouth (Droog of Soet) | 3/- | — |
| Swartberg Sjerrie | 2/9 | — |
| **DROE WYNE:** | | |
| Boergonje (Rooi) | 2/- | — |
| Riesling (Droë Wit) | 1/9 | — |

| PRYSLYS | Per bottel in kissies van 12 bot. | Per gelling in 5 gelling vaatjies. |
|---|---|---|
| **VONKELWYNE:** | | |
| Grand Spumante (Soeterig) | 10/3 | — |
| Grande Splendore (Droog) | 7/9 | — |
| Vonkel Boergonje | 8/9 | — |
| **BRANDEWYN:** | | |
| Aurora V.S.Q. (Die allerbeste) | 10/- | — |
| Eureka | 8/6 | — |
| A.1. | 8/- | — |
| Royal | 8/6 | — |
| Boegoe | 7/6 | — |
| **LIKEUR:** | | |
| Peperment, Perske, Appelkoos, Piesang | 7/- | — |
| Kersie, Anys, Gemmer, Naaltjie | 6/6 | — |
| Van der Hum | 6/6 | — |
| **JENEWER (GIN):** | | |
| Droë, Lemoen, Suurlemoen | 7/6 | — |

VERKOOPSVOORWAARDES: (1) Bestellings moet bestaan uit 12 bottels of 5 gelling vaatjie, of veelvoud daarvan. (2) Voeg by 20/- deposito per vaatjie of 5/- per kissie met bottels. Hierdie deposito's word dadelik aan u terugbetaal op ontvangs van die leë goed, vraggeld betaald na Vlakteplaats-stasie. (3) Stuur kontant plus deposito's met bestelling of ander lewer ons k.b.a. u naaste stasie.

EXCELSIOR WYNMAKERY (EDMS.) BPK.

POSBUS 1, VLAKTEPLAATS-STASIE, K.P.

BRILLE

Bring u oogarts se voorskrif vir brille na ons.

GOEIE WERK TEEN BILLIKE PRYSE.

GEHOORAPPARAAT

Die Voortrekker-Apteek

Kerklaan, KAAPSTAD.

Maitlandstraat, BLOEMFONTEIN.

Besoek ons of skryf om Besonderhede.


## Noodhulp vir Duitsland

DUITS-AFRIKAANSE HULP-AKSIE (D.A.H.A.)

***Ondersteun ons Taak om die Ontsettende Nood in Duitsland te verlig!***

**ONS BENODIG DRINGEND:—**

- Fondse vir die aankoop van Voedsel, Klerasie en Medisyne.
- Klerasie en Skoene, nuut of gebruik, maar skoon en in goeie toestand.
- Biltong, Vet, of ander Onbederfbare Eetware.

Stuur u Bydrae of Besendings aan u Plaaslike Noodlenigingskomitee vir Duitsland of regstreeks aan die

**DUITS-AFRIKAANSE HULP-AKSIE (D.A.H.A.), Bloedstraat 164, PRETORIA of Hoopstraat 105B, KAAPSTAD.**

„DIE O.B." WOENSDAG, 6 AUGUSTUS 1947

# TWEE MONDE

In sy onlangse verklaring, waarna ons twee weke gelede verwys het, het dr. Malan eintlik twee stellings neergelê: die een was om hom en diesyne by voorbaat te disassosieer van enige moontlike beskuldigings van onwettige republikeinse strewe tydens die oorlog, en die tweede was dat, hoewel hy met die O.B. geen verband het nie, hy ook teen ons niks uit te waai het nie. **Met ander woorde, 'n aanduiding dat die bittere en volkskadelike aanvalle teen mede-republikeine nou 'n einde gaan kry.**

Wat die eerste stelling betref, die repudiasie van enige aktivisme vansyde die H.N.P., het ons min kommentaar op te maak. Ons was nooit van enige sodanige aktivisme by sy volgelinge bewus nie, en as iemand by voorbaat probeer padgee van 'n vermeende gevaar dan het die Ossewabrandwag geen die minste begeerte om so iemand in hierdie spontane poging te belemmer nie.

Die tweede stelling het ons verwelkom. Dit is noodsaaklik om sover moontlik — op die breeds-moontlike basis — mense bymekaar te kry vir die komende verkiesingstryd. Noodsaaklik en — bo alles — fatsoenlik. Daarom het ons sy uitlating verwelkom.

Nou egter kom 'n artikel in sy Strydblad, Die Kruithoring, wat aan die O.B. die leviete probeer voorlees oor wat hul houding moet wees as hulle ook lede van die Afrikanerparty mag word, soos baie van hulle nou doen. Die artikel beduie dan dat hulle by die komende verkiesing vir die H.N.P.-kandidate sal MOET stem „As hulle manne en vroue van eer is." Dan herhaal die artikel met vet druk: „AS HULLE MANNE EN VROUE VAN EER IS."

Hierdie insinuasie teen die eerbaarheid van ons moeders, dogters, broers en susters, gemaak deur 'n blad wie se reputasie vir fatsoenlikheid in die joernalistiek — op sy ligste uitgedruk — nie egalig gewaardeer word nie, laat ons koud. Ons besef dat H.N.P.-lede wat eerlik streef om mede-Afrikaners nader te trek hier te doen het met 'n sware struikelblok omdat hierdie blaadjie meer mense in een maand weggeskel het as wat hulle in etlike jare weer sal kan versoen. Maar twee dinge wil ons tog aan die Ossewabrandwag duidelik maak.

**WAAR DIT PAS**

**Die eerste is dat Die Kruithoring die mondstuk van 'n direksie is en die direkteure, o.a. dr. Malan en dr. Karl Bremer — wat eenmaal vir die duur van die verkiesing bedank het as direkteur — is.** Eersgenoemde verseker dat hy niks teen die O.B. uit te waai het nie; en derhalwe moet ons aanneem dat hy met die redakteur wat vir die insinuasie aanspreeklik is, reeds afgereken het.

**Dr. Bremer, sy mede-direkteur, is L.V. vir Stellenbosch, en ons neem aan dat hy met die komende verkiesing weer aspirant gaan speel; dan sal hy aan die O.B.-kiesers van Stellenbosch kan vertel dat hulle vir hom MOET stem „AS hulle manne en vroue van eer is", en — vir geval hulle meen dat hulle hom nie reg verstaan het nie — kan hy herhaal: „AS HULLE MANNE EN VROUE VAN EER IS," met nadruk op die „AS." So iets mag sy kandidatuur bevorder . . . wie weet?**

Die tweede ding wat ons wil duidelik maak is dat die lede van die O.B. wat aansluit by 'n politieke party, waaronder die Afrikanerparty, die volste reg daartoe het. **Ons het nog nooit ons lede belet om lede van 'n party te wees nie. Die oorgrote meerderheid was lede van die H.N.P. totdat laasgenoemde hulle openlik uitgeskop het, soos hulle ons vandag nog belet om lede van die H.N.P. te word.** Maar dit is ten enemale onsin om te sê dat die O.B. wat lid van die Afrikanerparty word verplig is om dan vir die naaste H.N.P.-kandidaat te stem „AS hy of sy 'n man of vrou van eer is" (die kieser, bedoel ons, nie die kandidaat nie). As daar verpligtings onder enige ooreenkoms vloei, dan vloei hulle twee kante toe — nie net een kant toe nie. En as verlang word dat mense aan die eenkant „eerbaar" moet wees dan is dit vanselfsprekend dat diegene wat sulke verlangens koester nie daardie eerbaarheid by voorbaat kan krenk met insinuasies wat tuis hoort alleenlik in die redaksionele atmosfeer van Die Kruithoring nie.

Opposisie-kandidate kan van een ding seker wees: die O.B.-kiesers in hul kiesafdelings, synde manne en vroue van eer, sal optree soos hul selfrespek hul voorskryf.

# TIEN KOMMUNISTE TER STRAFSITTING VERWYS

Nege bestuurslede van die Kommunistiese Party in Suid-Afrika is in die Kaapse magistraatshof ter strafsitting verwys op aanklag van sedisie en oortreding van die Wet op Staatsgeheime. Die tiende beskuldigde is ook ter strafsitting verwys, maar net op aanklag van sedisie. Die beskuldigdes is op borgtog van £200 elk vrygelaat.

Hulle is: William Andrews, Moses Kotani (naturel), Harry Snitcher, Lucas Philips (naturel), Betty Sacks, Fred Carneson, Isaac Horwitch, Harold Simons, Harry Naidoo (Indiër) en Louis Joffe.

## Een van die Dae Genoeg Motors

Teen die middel van volgende jaar sal die aanbod van motors in Suid-Afrika weer normaal wees, volgens gesaghebbende persone verklaar. Die aankoms van motors gedurende die afgelope ses weke was die meeste sedert die oorlogsjare. Die motors is van Amerikaanse en Britse fabrikaat.

# Die Neger In Die V.S.A

*Deur dr. Erika Theron*

Voordat ek oorgaan om in die artikels wat hierop volg 'n een en ander te vertel van die huidige na-oorlogse posisie en eise van die Amerikaanse Negers, wil ek baie kortliks en sonder om die leser te oorval met 'n klomp syfers, die ekonomiese omstandighede van die Negers skets.

Ons hoor en lees so dikwels van prestasies van die Negers op die gebied van die wetenskap, kuns, sport ens. en dan is 'n mens half geneig om te meen dat hulle 'n hele entjie verder geworder het as die nie-blankes in ons eie land. Dit is ook wel die geval. Daar is 'n groter aantal nie-blankes in die V.S.A. as in Suid-Afrika wat op ekonomies en maatskaplik gebied reeds vergevorder het van die armoedige en halfbeskaafde omstandighede waarin hulle ouers of grootouers groot geword het.

ALLERTREURIGS

As 'n besoeker gaan na Harlem, die bekende Neger-woonbuurt in New York waar 'n halwe miljoen Negers woonagtig is, sal hy vanuit die „Valley", die buurt waar die armste van die arm Negers in die allertreurigste blokhuise woon, vir „Sugar Hill" sien. Hier bly die welgestelde Negers. Hier is mooi geboue en gerieflike woonstelle waarvan een van die modernste geboue aan die bokser Joe Louis behoort. Die huurgeld van een woonstel van 4—5 vertrekke in die buurt is maklik £20 of meer per maand.

Van Amerika se beste en gewildste sangkunstenaars is Marian Anderson en Paul Robeson — Negers wat albei seker geldelik daar goed in sit. Aan verskillende blanke sowel as Neger-universiteite ontmoet die besoeker ook fyn beskaafde en ontwikkelde Neger-dosente van wie sommige al hulle merk gemaak het deur wetenskaplike publikasies. **Daar is Neger-tydskrifte en weekblaaie (maar g'n dagblad nie), Neger assuransiemaatskappye en banke wat bestuur en beheer word deur Negers en in 1939 was daar amper 30,000 winkels in besit van Negers, wat 'n kleinhandel afset gehad het van £18 miljoen.**

ARM

Dit alles en nog veel meer is wel waar, **maar tog is die grootste gros negers, in die suidelike- sowel as die noordelike state, baie arm.** Die meeste Negers het min besittings en die meubels en ander huishoudelike benodighede wat hulle het is gewoonlik in 'n gehawende toestand. **Hulle word nie alleen volgens Amerikaanse standaarde, swak betaal nie, maar hulle is meer dikwels werkloos as die blankes.**

In 'n vorige artikel het ek daarop gewys dat 77% van die Negers in die suidelike state woonagtig is, waar hulle veral op die platteland as kleinboertjies, „sharecroppers" en plantasie-arbeiders op katoenplase 'n beswaarlike bestaan maak. Die katoenboerdery is, veral as gevolg van kompetisie van die buiteland, lank nie meer winsgewend nie, terwyl die tipe boerdery ook baie skadelik is vir die grond. Dit beroof die grond van sy vrugbaarheid en veroorsaak erosie. Die Negers het as gevolg hiervan nog meer as die blankes gely want hulle produseer een-derde van die katoenoes.

KLEIN PLASIES

Daar is 4½ miljoen van die 13 miljoen Negers wat as landbouers 'n bestaan maak. Maar net ongeveer een uit elke sewe het hulle eie plase en in die afgelope twintig jaar het die getal nog steeds verminder. Die plase is egter baie kleiner as die van die blankes (55 akkers gemiddeld in vgl. met 160 akkers by die blankes) en weens gebrek aan kapitaal nie ordentlik bewerk nie. Meeste het natuurlik ook nie die geld om grond te koop nie.

Afgesien van die boerdery moet die Negers vandag in die suidelike stede meer en meer kompeteer in werkkringe wat voorheen as by uitstek as Negerwerk beskou is. In die noordelike state het die Neger in die stede 'n beter kans om goeie werk te kry. Maar ook hier word hulle uit baie werkkringe geweer. 'n Neger het min kans om 'n werk as geskoolde arbeider te kry in bv. die tekstielfabrieke, saagmeule, skoenfabrieke, bakkerye en meubelfabrieke. Op die spoorweë word hulle oor die algemeen net in diens geneem as kruiers en werk van 'n soortgelyke aard.

AAN BANDE

Die Neger arbeider is egter nog nie so aan bande gelê soos die professionele man nie. **Die Neger-geneeskundige en -sakeman is gewoonlik net beperk tot kliënte van sy eie ras.** Maar, aangesien die nie-blanke gemeenskap arm is, word die professionele man swak betaal in vergelyking met sy blanke kollega. Hoewel daar nog taamlik baie Neger predikante, onderwysers en winkeliers is, is daar min toekoms moontlikhede vir Neger-ingenieurs, -argitekte en -industriële bestuurders. Daar is ook maar min Negers wat klerikale werk doen.

(Word vervolg)


VOLKSKAS BEPERK

KENNISGEWING AAN AANDEELHOUERS

Die direksie het genoeë om bekend te maak dat by geleentheid van die dertiende jaarlikse algemene ledevergadering besluit is om 'n diwidend van 5% (vyf persent) op gestorte kapitaal uit te keer ten opsigte van die boekjaar geëindig 31 Maart 1947, aan aandeelhouers op gemelde datum in die boeke van die Maatskappy geregistreer.

Diwidendtjeks word onmiddellik uitgepos.

Is u jongste adresverandering al aan die Bank opgegee.

PRETORIA,
26 Julie 1947.


**Hooffunksie van Gebied C te Hoopstad**

**op SATERDAG, 9 AUGUSTUS, 1947,**

**in Landbougenootskapsaal vanaf 10.30 v.m.**

**Vergadering om 2.30 n.m.**

**Hoofspreker: Dr. J. F. J. VAN RENSBURG**

***AFRIKANERS! Julle is welkom!***

**Baie te eet, Jukskei, ens.**

**DIE SKIEREILANDSE GENERAALSKAPPE VIER**

# Ossewabrandwagdag

op

**MAANDAG, 18 AUGUSTUS, 1947 om 8 n.m.**

**in die**

**HOFMEYRSAAL, KAAPSTAD.**

**SPREKERS:—**

**GENLE. ERIKA THERON**

**GEBIEDS-HFGENL. F. D. DU TOIT VAN ZYL**

**HOOFGENERAAL P. D. ROUSSEAU**

**GENERAAL J. DE VOS**

**GENERAAL G. RETIEF**

**Die Kommando's en Jeugveldkornetskappe sal hul bydraes stort!**

**Die Ossewabrandwag-orkes sal optree!!**

**Die Gees van die Ossewatrek leef voort!!!**

# Volk Oes Samewerking Wat O.B. Gesaai Het

**Daar heers gesonde belangstelling vir die Ossewabrandwag in die Suidwestelike distrikte waar genl. W. R. Laubscher, in geselskap van genl. J. L. Swart, verlede week 'n reeks vergaderings toegespreek het. Op Albertinia en Riversdal het heelwat nie-O.B.-lede die vergaderings bygewoon en waardering betuig vir die saamsnoerende koers van die O.B. Op Heidelberg en Barrydale is ewe suksesvolle vergaderings gehou en die gees wat onder die Afrikaners heers doen weldadig aan. Op Swellendam het die genls. Laubscher en Swart net die O.B.-lede ontmoet. Die kommandant het 'n groot openbare vergadering later in die jaar in die vooruitsig gestel.**

**Die kommando's is oral aan die woel vir 8 Augustus, en genl. Swart voel oortuig daarvan dat sy kommando's vanjaar goed gaan presteer.**

Genl. Laubscher het in sy toesprake die bolsjiwistiese bedreiging vir die Westerse Beskawing behandel en veral aangetoon hoedat die blanke heerskappy en leefwyse in Suid-Afrika ondermyn word. Hy het alle blankes opgeroep tot samewerking om hierdie wesentlike gevaar die hoof te bied.

Elke Afrikaner wat vandag die noodsaaklikheid van samewerking voel, behoort dankbaar te wees dat 'n leier soos mnr. N. C. Havenga op die openbare toneel verskyn het. Hy verkeer in vriendskap met alle nasionaalvoelendes en as sodanig is hy die skakel tussen al die opposisiegroepe met sy openbare verskyning en as gevolg van sy ooreenkoms met die H.N.P. is die parlementêre opposisie teen veldm. Smuts vandag 'n vennootskap.

MOONTLIKHEID

**Hierdie feit maak 'n formele samewerking tussen alle nasionaalvoelende opposisiekragte by die volgende algemene verkiesing moontlik; die besieling en afronding van die samewerking en die sekerheid van oorwinning sal egter eers dan bewerkstellig word wanneer dr. Malan, die H.N.P.-leier, die voorbeeld van sy vennoot, mnr. Havenga volg, en sy party op dieselfde grondslag plaas van hartelike samewerking met alle opposisiekragte, waaronder die O.B. die allerbelangrikste is,** het genl. Laubscher gesê.

Spreker het die rol van die O.B. as saambindende faktor uiteengesit. Ses jaar gelede toe die broederstryd tussen Afrikaner en Afrikaner ontketen is, en toe duisende Afrikaners mekaar se hande gelos het en op bevel van bo vir mekaar gebalde vuiste getoon het, het die leiding van die O.B. voorgeskryf dat Afrikaners bymekaar moet bly. **Moenie teen jou broer bries nie, het dr. Van Rensburg die verbrokkeling probeer rem, want môre en oormôre gaan jy vir hom en hy vir jou broodnodig kry.**

MAGTIGE BLOK

In daardie dae was die Afrikanervolk saamgesnoer in 'n



Genl. J. L. Swart

magtige blok van honderde duisende wat op die parlementêre terrein sowel as daarbuite 'n geslote geledere was. Die partypolitieke leiding was dat hierdie magtige Afrikanerblok gebreek moet word: die volksleiding het vergeefs teengeskop.

Vandag, met 'n parlementêre verkiesing om die hoekie smag elke Afrikaner na die herstel van die verlore eenheid; **die noodsaaklikheid van hierdie eenheid onderstreep die versiendheid en korrektheid van dr. Van Rensburg se leiding destyds.**

NIE TEEN BROER

Ses jaar gelede het die Afrikanervolk sy grootste eenheid en krag ervaar in die kommando's van die Ossewabrandwag. Ses jaar lank het die O.B. die pad van samewerking en broederskap en hoederskap bewandel — selfs te midde van die felste provokasie en uittarting. **Ek sien geen vyand in 'n mede-Afrikaner nie, het die O.B. konsekwent volgehou, selfs toe die bitsigheid van mede-Afrikaners teen die O.B. sy standpunt gebrandmerk het as oordrewe idealisme.**

Vandag maai die O.B. wat hy gesaai het. Vandag staan die O.B. en sy beleid van saamskakeling van alle Afrikanerkragte, nl. die volksbewegingsgedagte, geregverdig voor die volk. Vandag, in die aangesig van die komende parlementêre verkiesing, wanneer 'n aanslag op die Empire-bewind geloods moet word, besef vriend en vyand, die juistheid van die O.B.-stelling dat die hele volk saam moet veg vir oorwinning want wanneer partye van die volk teen mekaar veg, is nederlaag onvermydelik.

# Mag Nie Lid Van H.N.P. Wees

KAROS. — Op 'n gesellige byeenkoms van die O.B. waar die moontlikheid bespreek is om 'n Afrikanerparty-tak te stig, was ook 'n paar ampsdraers van die H.N.P. teenwoordig.

Nadat besluit is om 'n Afrikanerparty-tak te stig, is ons hewig van H.N.P.-kant aangeval. Hulle het gevra waarom ons dan 'n nuwe party stig, en nie by die H.N. Party aansluit nie.

**Hierna het komdt. Lubbe verduidelik dat dr. Malan en sy Party alle O.B.-lede geskors het, en hulle belet om lede te wees van die H.N.P.**

Indien dr. Malan sy skorsbeleid in die openbaar terugtrek, sal ons bereid wees om weer aan te sluit. — (Korr.).

# Afrikaans In V.S.A. Ná Gholfprestasie

**A. D. (Bobby) Locke, Suid-Afrikaanse beroepsgholfspeler, het 'n sensasie in Amerika veroorsaak toe hy in die afgelope weke meer geld op toernooie gewen het as enige Amerikaner. In 'n reeks toernooie, die meeste waarvan hy teen Amerika se kampioene gewen het, het hy tot verlede week die buitengewone bedrag van £5,130 met sy gholfstok uitgeslaan, wat, volgens berekening, £1 16s. beteken vir elke hou wat hy geslaan het.**

Met hierdie prestasie het Locke groter publisiteit aan Suid-Afrika gegee as die Unie se inligtingsdiens in Amerika,



van wie Afrikaanse toeriste nie 'n brief in Afrikaans kan ontvang nie. **In voorblad-artikels het Amerikaanse koerante naamlik geesdriftig geraak oor die „Johannesburger", en hul lesers aangeraai om Afrikaanse terme te leer om teenoor Locke te gebruik, soos „alles van die beste; bly om kennis te maak; daar gaan hy; ek het dit geniet; gesondheid, en goed dankie."**

Aan die ander kant was Locke se prestasie 'n bitter pil vir die Amerikaanse verwaandheid wat spog dat hul kampioene nog nooit deur buitelandse sportmanne geklop is nie. Om hiervoor te vergoed is berig dat Locke besluit het om 'n Amerikaner te word. Locke het dit egter beskryf as onsin.

# Afbakening van Kiesafdelings

Die afbakening van die kiesafdelings vir die volgende verkiesing sal as volg wees: Kaapland 55, Transvaal 66, Vrystaat 13 en Natal 16. Dit beteken dat Kaapland en die Vrystaat elk een kiesafdeling verloor en dat Transvaal twee ryker word. Natal se posisie bly onveranderd.


Hulle is hier-
Hulle is daar
Hulle is ORAL!

20 vir 11d.
ook te koop
teen
50 vir 2/2d.
10 vir 5½d.





Daar is 'n groot vraag na Ronde Kommando in die stad rond
Hulle is koel, rook lekker met 'n eie geur wat hulle elke dag meer vriende besorg.

Kommando
RONDE - SIGARETTE

BH 2885

*Verseker u Toekoms* deur die Eienaar te word van
VASTE EIENDOM
★ BOUPERSELE
★ WOONHUISE
★ PLASE
★ BESIGHEDE VIR DIE KIESKEURIGE PERSOON
Raadpleeg —
J. (Kotie) THERON
CROXLEY-GEBOU, KUSWEG,
Posbus 78 Foon 0028
STRAND

Beskerm u Oë
Bring u oogarts se voorskrif na ons. Laat gekwalifiseerde Voorskrif-Oogkundiges u bedien.
Wahl, Lawrence EN KIE.
BRILMAKERS
Adderleystraat 120a, Kaapstad
Foon 22408




TWEE BEREKENINGS..
Albei Korrek!
£2+£2+£2 is maar *net* £6 (plus 'n bietjie rente), as u u maandelikse spaargeld in 'n gewone spaarmiddel belê.
Dieselfde £2+£2+£2 kan egter vir u boedel 'n gewaarborgde baat van '*n paar honderd pond* beteken ..... as u dit in Lewensassuransie belê!
● Koop vir uself en u gesin daardie ekstra baat aan, deur—
SANLAM 'n SANLAM-Polis
SUID-AFRIKAANSE NASIONALE LEWENSASSURANSIE-MPY. BPK.
— TAKKE DWARSDEUR DIE UNIE —
HOOFKANTOOR: WAALSTRAAT 28, KAAPSTAD
9725-3

# Militêre Ontruiming Van Ou Kasteel

**Nadat hy byna vier eeue lank deur die soldate van drie verskillende moondhede beman was, sal die Verdedigingsmag een van die dae die ou Kasteel in Kaapstad, wat dateer uit die sestiger jare van die sewentiende eeu, ontruim sonder dat daar ooit in die afgelope eeue een enkele skoot deur vyandelike magte op die ou vesting afgeskiet is.**

Hierdie ontruiming het geen betrekking op 'n militêre neerlaag nie. Ook staan dit nie in verband met die „spook" wat die wagte van die fort beweer dat hulle onlangs verskeie kere gesien het nie. Dit is 'n vreedsame (en glorieryke) terugtog ten gunste van die Historiese Monumente-kommissie wat die beheer oor die troetelkindjie van Van Riebeeck gaan oorneem.

Daar is allerweë gevoel dat die ou geskiedkundige gebou nie langer deur die militêre gebruik moet word nie omdat dit verniel. Wanneer die kommissie volle verantwoordelikheid aanvaar, sal die los geboue binne die ringmuur wat in later jare daar opgerig is, afgebreek word, sodat net die oorspronklike gebou oorbly. Al die ou meubels wat tydens die oorlog in 'n paar vertrekke gestoor is, sal dan weer hul oorspronklike standplase inneem.

DIK MUUR

Dat die ontwerper en bouers van die fort diep onder die besef verkeer het dat hierdie vesting sterk genoeg moet wees om die blanke beskawing hier in die verre Suidpunt van Afrika te verdedig, blyk uit die meer as veertig voet dik muur wat die vesting beskerm. Maar die kanonne van die ou fort het nooit die voorreg gehad om hul geblaf teen die vyand te laat hoor nie.

**Tydens die oorlog toe die fort verbode terrein vir die publiek was, het baie soldate wat te diep in die bottel gekyk het, die twyfelagtige voorreg gehad om in die koue klipselle wat Van Riebeeck vir sy misdadigers gebou het, te beland.** Daar was haas geen nag nie of die selle het nuttig te pas gekom. Of hulle nugter genoeg was om met die geeste van die misdadigers uit die sewentiende eeu te gesels en of mens juis geswawel moet wees om met hulle te kan gesels, kan die militêre polisie egter nie vertel nie.

Wanneer mens deur die ou gebou stap, voel mens jammer om te sien dat die militêre owerheid dit nodig gevind het om so baie gate in die mure te slaan en hoeke af te stamp. Dit sal hopelik alles herstel word onder toesig van die Monumente-kommissie.





**Bo: Die huidige ingang tot die Kasteel.**

**Regs: Hierdie dik houtdeur met sy swaar slot verleen toegang tot die pikdonker martelsel waarmee Adam Tas kennis gemaak het. Vanaf die ingang gaan jy afdraend deur 'n 20 voet-lange gang waarin voorheen drie deure (behalwe die buite-deur) was om die gevangene geheel en al af te skei van die buitewêreld. Dit laat geen klank of lig deur nie. Die sel self is vier voet onder seespieël en is klam en benoud. Mens kan die donker hier letterlik voel. Verskeie gevangenes wat hierin gemartel is om 'n bekentenis af te dwing, het van hul verstand af geraak.**



**By hierdie ingang aan die Oostekant van die Kasteel het Simon van der Stel elke aand die vee van die nedersetting laat inja om dit teen roofdiere en die rowery van die Hottentotte te beskerm. Dit gee ook 'n indruk van die massiewe muur.**



**Dit is die oorspronklike hoofpoort wat toegang tot die fort verleen het. Dit het op die see uitgekyk maar weens die moontlikheid dat vyandelike magte van die see se kant maklik hier kan inkom, is dit later toegebou en die ingang na die huidige verskuif. Wanneer dit hoogwater was en die see effens onstuimig, het die branders tot binne in die fort gespoel. Vandag is die see deur drooglegging meer as 'n myl van die ou vesting af.**

## Partypolitieke Sosialisme Het Gefaal In Brittanje

(Vervolg van bladsy 1)

Of hy in sulke omstandighede wel meer sal produseer al werk hy langer ure, is hoogs te betwyfel, tensy die huidige slagspreuk „Werk of ly Gebrek", verskerp word na „Werk of sterf" soos dit in Rusland prakties toegepas word waar die werker se arbeidsprestasie in terme van sy daaglikse brood gemeet word.

DUITSE VOORBEELD

Die Britse krisis openbaar een ding baie duidelik, en dit is dat 'n volk sonder besieling nie by magte is om uit sy ellende op te staan nie. **Toe Duitsland in dieselfde posisie gelê het na die eerste wêreldoorlog, was dit die nasionaal-sosialisme van Hitler wat hom weer die nodige dryfkrag gegee het om op te staan, en wat ookal vandag deur die Britte van Hitler se politiek gedink mag word, van een feit sal hulle nie kan wegkom nie, en dit is dat die Duitse werker voor die oorlog die hardwerkendste maar tegelykertyd die gelukkigste arbeider in die wêreld was. Hy het gewerk met die besieling wat gepaard gaan met die idee dat hy nie net ontvang nie, maar ook gee aan 'n groter geheel waarvan hy lid is.**

SONDER PLIGTE

Die kern van die moeilikheid in Brittanje vandag is dat die Britse sosialisme 'n **partypolitieke sosialisme** is, net soos die sosialisme van die Arbeidersparty in Suid-Afrika dit is. **Dit hou aan die werker 'n soort paradys voor van gemak en weelde sonder beklemtoning van die pligte wat die voorregte moet balanseer.** Net soos die hele partystelsel gebaseer is op die selfsug van die individuele kieser wie se stem gekoop moet word met beloftes van eie voordeel, is ook die partypolitieke sosialisme gegrond op selfsug van die individu, en daarom bring dit verbystering in die oomblik van nood wanneer uitvoering van die beloftes in gebreke bly.

In Brittanje is daar tans groot sprake van 'n nuwe koalisieregering, met ander woorde van 'n tydelike opheffing van die partystelsel. **Die krisis van Brittanje eis egter iets meer as 'n halwe maatreël soos dié. Dit vereis 'n nuwe ideologie wat gegrond is op die nasionale eenheid van die volk —dit eis 'n volksosialisme in teenstelling met die partypolitieke sosialisme wat sy konsekwensies uiteindelik in die kommunisme het waar die wil van die individu vervang word deur die dwang van die staat.**

## Moord-Aanklag Teen Indiër Oorweeg

'n Moord-aanklag word oorweeg teen 'n Indiër wat in die Barbertonse magistraatshof verskyn het na aanleiding van die dood en vergiftiging van 16 persone onlangs te Komatiepoort. Die saak sal môre hervat word.

Polisie-ondersoek het aan die lig gebring dat daar arsenik in die versiersuiker was waarmee die koek op die verjaardagpartytjie versier was. Nege persone, vyf kinders en vier moeders het beswyk terwyl sewe ander weens vergiftiging behandel moes word. Feitlik al die gaste het siek geword nadat hulle van die koek ge-eet het.

## Wraak In Palestina

As wraakmaatreël teen die Britte vir die teregstelling van drie terroriste het die Joodse ondergrondse bende in Palestina twee Britse onderoffisiere as gyselaars opgehang. Hulle is deur die aanvoerder van die Irgun Zvai Leumi ter dood veroordeel.

# S.A. Vrugte Gretig Gekoop In Amerika

## ENGELAND NIE ENIGSTE MARK

**Die geskree van die Engelse pers in Suid-Afrika dat indien Suid-Afrika nie krediet aan Engeland verleen om vrugte uit Suid-Afrika in te voer nie, dit onder die bome sal lê en vrot omdat daar geen ander mark voor is nie, word geloënstraf deur berigte wat so pas ontvang is oor die gewildheid van Suid-Afrikaanse vrugte in Amerika waar sakemanne mekaar vertrap om ons vrugte te koop wanneer dit in New York afgelaai word.**

**'n Berig oor 'n onlangse besending druiwe en pere wat in New York aangekom het, lui dat die vrugte uit Suid-Afrika 'n sensasie in Amerika veroorsaak het. Toe die vrugte afgelaai is, het 400 sakemanne mekaar verdring en ons vrugte is baie duurder verkoop as die wat uit Argentinië en Chile afkomstig is.** Groot uithangborde het in vrugtewinkels aangekondig: „Suid-Afrikaanse vrugte word hier verkoop." Die vrugte het groot byval onder die publiek gevind en die vraag het die aanbod oortref. Die druiwe is verkoop teen 2s. 6d. per pond (groothandelsprys) en die pere teen £1-6-0 per kissie.

Daar bestaan dus geen noodsaaklikheid dat die regering hoef te betaal vir vrugte wat na Engeland uitgevoer word indien Engeland nie kan betaal nie. Ander lande is net so gretig om Suid-Afrikaanse vrugte te koop. **Maar die regering het ook 'n plig teenoor die Suid-Afrikaanse verbruiker wat weens 'n uitgediende bemarkingstelsel nie in staat is om die vrugte van sy eie land te koop nie. Hierdie feit word onderstreep deur die bevinding van die Sosiale en Ekonomiese Planneraad wat vasgestel het dat vrugte en groente eerste getref word op die huislike begroting wanneer die inkomste styg of daal.**

Na behoorlike versorging van die eie bevolking, is dit nodig en goed dat markte in die buiteland vir ons surplus produkte gevind word. **Maar Engeland is nie die enigste mark nie.** Dit besef ook die Sitrusraad by voorbeeld, wat tans besig is om 'n mark vir ons lemoene in die Ooste op te bou. 'n Groot besending lemoene is so pas na Singapoer gestuur.

„Die O.B." word gedruk deur Pro Ecclesia-Drukkery Beperk, Stellenbosch, vir die eienaars en uitgewers: VOORSLAG (Edms.) Beperk, Groote Kerkgebou 703, Posbus 1411, Kerkplein, Kaapstad.